

HOOFSTUK 2: DIE AARD EN FUNKSIE VAN MITES (“Mites waardeur ons leef”- *erkenning aan Samuel & Thompson*)

2.1 Inleiding en doelstelling met die hoofstuk

2.1.1 Inleiding

Sing van die wrok, o godin, van Peleus se seun, Achilles, die verderflike wrok, wat tienduisende smarte oor die Achajers gebring het, en baie sterk siele van helde voor Hades geslinger het en hulleself ten prooi van die honde en al die roofvoëls beskik het – en die plan van Zeus is voleindig! – ja, vandat Atreus se seun, koning van manne, en die goddelike Achilles vir die eerste keer in twis van mekaar geskei het... (Homerus: *Ilias*, Boek 1, 1-9).

Prof. J.P.J. van Rensburg verwys in die voorwoord tot sy Afrikaanse vertaling van die *Ilias* van Homeros na dié klassieke werk, oorspronklik in Grieks geskryf, as “die oudste letterkundige werk van ons Westerse kultuur”(Van Rensburg s.j. : “Vooraf”). Die *Ilias* dateer uit die negende eeu voor Christus en vertel die geskiedenis van die val van Troje (of Ilios) na ’n verraderlike inval deur die Grieke.

Die vraag is egter in watter mate die *Ilias* en sy Latynse “opvolger”, die *Aeneïs* van Vergilius, blote letterkundige versinsels is, en in watter mate albei hierdie grootse epiese gedigte die belangrikste mites en legendes van hulle eie tyd maar net digterlik vertolk.

Reeds in die aangehaalde eerste nege versreëls van die *Ilias* is daar immers die name van drie figure in die Griekse mitologie en wat dus deel uitmaak van die Grieke se kollektiewe onbewuste soos Jung daarna verwys wanneer dit gaan oor mites as argetipes (Conradie, 1964:9). Die drie mitologiese helde en gode is Achilles, Hades en Zeus. Die volgende opsommende inligting uit Conradie:

Achilles Die seun van Peleus, koning van Thessalië, by die seegodin Thetis (Conradie, 1964:118). Sy dood is lank voor sy sterfdag tydens die

Trojaanse oorlog deur sy moeder voorspel. Hy was net op sy hak wondbaar, want na sy geboorte het sy moeder hom in die Styx-rivier gedoop om hom onkwesbaar te maak, maar sy het hom aan sy hak vasgehou en die water kon nie die hak oorspoel nie. Die gode het hierdie geheim omtrent Achilles geken (Conradie, 1964:137).

Hades Die god van die onderwêreld wat oor die gestorwenes heers (Conradie, 1964:16).

Zeus Die hoofgod van die Grieke (Latyns: Jupiter), wat ook die god van die hemel is en wat reën, sneeu en hael stuur. Hy straf veral meinediges en mense wat die regte van gaste skend. Hoewel hy die hoofgod is, het hy dikwels moeite om die ander gode tot gehoorsaamheid te dwing (Conradie, 1964:15).

Hades en Zeus is hier maar twee van talle gode wat in die epos verskyn asof hulle vanselfsprekend deel uitmaak van die verloop van die verhaal. Hulle teenwoordigheid verhef die storie – en ook die historiese feit van die bestaan van 'n stad soos Troje en die inval daarvan deur vyandige magte - tot die vlak van die mitologiese.

Die belangrike rol van mites vanaf die heel vroegste letterkundetradisies van die Westerse wêreld, en waarskynlik baie lank daarvoor in orale vertellings, kan dus moeilik oorskat word.

2.1.2 Doelstelling met die hoofstuk

In hierdie hoofstuk sal daar as primêre ondersoek met die oog op die latere bespreking van mites rondom *Afrikaans* eers aan die hand van 'n breë literatuurondersoek besin word oor die kwessie van mites en miteskepping soos wat dit neerslag vind in verskeie vakdissiplines. Die doel van hierdie werkswyse is om nie aan die begin van die studie reeds te eng na die kwessie van mites en miteskepping te kyk nie, aangesien hierdie saak so kompleks is en soveel verskillende toepassingsmoontlikhede het (onder meer binne die letterkunde,

sielkunde, teologie, historiografie, filosofie en taalsosiologie) dat dit as wenslik geag word om as 't ware in gesprek te tree met "mitoloë" wat reeds gesaghebbend binne hulle betrokke vakdissipline oor mites nagevors en geskryf het.

Dit moet ook reeds op hierdie stadium duidelik gestel word dat dit op geen manier binne die bestek van hierdie proefskrif oor mites rondom Afrikaans moontlik is om al die literatuur en uitgangspunte rondom mites en miteskepping (selfs binne die Suid-Afrikaanse akademiese konteks) te betrek nie. Mites kan teruggevoer word na die heel eerste oertye van die mens, en het bv. nog voor die eerste skrif gestalte gevind in onder meer rotstekeninge. Die inleiding hierbo maak melding van die "oudste letterkundige werk van ons Westerse kultuur"; dis egter seker dat die *Ilias* nie die eerste miteskepping van die mens op aarde verteenwoordig nie. 'n Poging om alle miteskepping vanaf die vroegste tye en beskawings (soos dié waarna Van Wyk Louw verwys in "Beeld van 'n jeug: duif en perd") tot en met die jongste navorsing omtrent die onderwerp selfs net te noem, is gewoon nie haalbaar nie.

'n Seleksie uit die werk van toonaangewende navorsers uit verskillende dissiplines oor mites en miteskepping in (veral) die twintigste eeu is dus gemaak en sal as uitgangspunt dien vir die verdere bespreking in hierdie hoofstuk van die term *mite* en van die ontstaan, aard en funksie van mites.

Die verwagting is dat daar teen die einde van die hoofstuk wel tot 'n slotsom gekom sal kan word oor die betekenisonderskeiding(s) van die term en die beskouings oor die aard en funksie van mites wat in die loop van die verdere ondersoek as vertrekpunte sal dien.

2.2 Die term *mite*

The distinctive quality of myth, the aspect of it that gives its peculiar value for literature, is its capacity to express in story form the primary emotional and imaginative workings of the human mind (Kirkwood 1958:22).

'n Mite is meer as 'n blote storie. Die moderne gebruik van die woord 'mities' as sinoniem vir 'vals' is baie misleidend. As die mite niks meer as 'n onware verhaal was nie, sou dit baie moeilik gewees het om te verklaar waarom dit eeue lank so 'n geweldige invloed uitgeoefen het (Conradie 1964:9).

Die *mite* is 'n literêre vorm wat d.m.v. 'n verhaal in eenvoudige taal gestalte gee aan 'n standhoudende waarheid oor die wesensaard van die werklikheid en terselfdertyd gekenmerk word deur 'n veelheid van moontlikhede (Steenberg, 1999: 313).

In die lig van die bogenoemde aanhalings lyk die definisie van die term *mite* in die jongste uitgawe van die *HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse taal)*¹, die 1994-uitgawe, beslis yl en onvoldoende. Hiervolgens word *mite* verklaar as:

- 1 Oorlewering omtrent gode en godsdienste; godeverhaal; en
- 2 Fabel; storie sonder grond.

Veral die omskrywing “sonder grond”, wat wil dui op die inherente “onwaarheid” wat in die mite opgesluit lê, is problematies vir die doel van hierdie ondersoek.

Simoons (1974:9) bekijk die genealogie van die term *mythos* en vergelyk dit met dié van die term *logos*. Sy gevolgtrekking is dat die twee terme se oorspronklike betekenis eintlik sinoniem is:

Wie Grieks kent, weet dat *mythos* en *logos* ingelyk sinonieme is. *Mythos* en *lego* beteken spreken. *Mythos* en *logos* is beide woorde.

Simoons gaan egter verder om daarop te wys dat die twee begrippe lateraan totaal verskillende betekenisonderskeidings gekry het: *mythos* bring ons volgens hom voor “een schier onoverzichtelike veelheid van materiaal uit die primitiewe

¹ My promotor, prof. Christo van Rensburg, het ernstige besware teen die gebruik van die *HAT* as bron om sekere sleutelbegrippe te verklaar. My motivering vir hierdie gebruik is egter juis die feit dat 'n verklarende Afrikaanse woordeboek as middel tot leksikalisering bygedra het tot die “mitologisering” van sekere standaardterme in Afrikaans.

godsdienste”, terwyl logos die gedagtes rig op “de moderne wetenskappe en hun tegniese verworvenheden.”(1974:9).

Hierdie siening van *mite* verwys myns insiens na dié aspek wat terugspeel op die “mitologiese”, en wat dus nie genoegsaam dui op die lewende krag van ’n mite, ook in die moderne konteks, nie.

Die verwagting is reeds dat mite in die loop van hierdie studie nie beperk sal word tot die verhale van “primitiewe godsdienste” nie, en nog minder sinoniem gestel sal word met ’n “onwaarheid”, maar veel eerder met dit wat eintlik “meer as waarheid” is, wat hom juis uitspreek oor fundamentele lewenswaarhede.

Leroux (1960, opgeneem in Kannemeyer 1980:11) beweer:

Mite is nie sinoniem met onwaarheid nie: andersom, ’n lewende mite kan ook ’n lewende waarheid wees.

Watter kriteria bepaal dat ’n mite inderdaad “lewend” is, is ’n volgende vraag wat deur die loop van die studie beantwoord behoort te word.

2.3 Mite vs. die mitologie

Verskeie definisies vir die term *mite* is reeds hierbo gegee. *Mitologie*, daarenteen, word (ook in die *HAT*) beskryf as “Al die oorgelewerde mites van ’n volk” en kan dus as die versamelterm beskou word. Die afgeleide byvoeglike naamwoorde, *mitologiese* en *mitiese* kan dus enersyds in die betekenisonderskeiding gebruik word van “volgens die mites, wat in verband staan met die oorgelewerde mites van ’n volk” en andersyds in die betekenisonderskeiding (vgl. weer die *HAT*) “fabelagtig, verdig”.

Vir die doel van hierdie ondersoek sou ek graag wou probeer om konsekwent die afleidings “mitologies” en “mities” nie as sinoniem met mekaar te gebruik nie,

maar telkens 'n afsonderlike polisemiese betekenisonderskeiding te aktiveer, en wel soos volg:

2.3.1 Die “mitologiese”

Steenberg (in Cloete, 1999:312) verduidelik in sy omskrywing van die term *mite* dat uiteenlopende omskrywings al vir dié term gegee is omdat die opvatting van wat dit behels, afhang van die ondersoeker se benadering, bv. histories, filosofies-teologies, esteties, sosiologies of oorkoepelend. Hy verwys na die benadering van die Grimm-broers wat mite gesien het as “'n groep tekste wat met mites verband hou en rondom mites gebou is, bv. *sages, fabels en soortgelyke vertellings oor die algemeen*. Die neiging is hier om *mite* gelyk te stel aan *mitologie*, ‘*n versamelterm vir avontuurverhale waarin oorspronklik mitiese figure as handelende karakters optree*” (Steenberg, 1999:313) (my kursivering).

Kyk ons dan na laasgenoemde benadering tot die term *mite*, kry ons dus te doen met die betekenisonderskeidings wat ek in verband sou wou bring met die beskrywende term die *mitologiese*. Hiermee word dan myns insiens verwys na fabels, legendes en verhale vanuit die vroegste tye wat aan die mens bekend is deur oorlewings. Van die heel bekendste en mees aangehaalde mitologiese verhale van die Westerse wêreld is dié van die Grieke en Romeine, wie se kultuur en literatuur as die oerbronne binne dié wêreld beskou kan word. Hierdie verhale het heel waarskynlik vermaak en estetiese bevrediging ook ten doel gehad, maar was veral gerig op die oordrag van sekere waardes en denkpatrone. De Rougemont (1956:18) stel dit soos volg:

[...] a myth expresses rules of conduct of a given social or religious group. It issues accordingly from whatever sacred principle has presided over the formation of this group.

Thomas Bulfinch (1796 – 1867) sluit hierby aan in sy voorwoord tot die klassieke werk “Bulfinch’s Mythology”(Bulfinch, s.j.) wat in 1993 heruitgegee is in die Wordsworth Reference-reeks (1993:ix):

If no other knowledge deserves to be called useful but that which helps to enlarge our possessions or to raise our station in society, then Mythology has no claim to the appellation. But if that which tends to make us happier and *better* can be called useful, then we claim that epithet for our subject. For Mythology is the handmaid of literature; and literature is *one of the best allies of virtue* and promoters of happiness (my kursivering).

Bulfinch wys verder in die genoemde voorwoord op die talle klassieke mitologiese verwysings in die Engelse letterkunde, bv. in die werke van Byron, Milton, Spenser en ander. In sy werk oor die mitologie neem hy onder andere ook mitologiese verhale van die Skandinawiese lande, die Ooste, Karel die Grote en Egipte op. Hy wys ook daarop dat dit nodig sal wees om die Grieke se wêreldbeeld te ken om sodoende die verhale beter te verstaan.

Die Grieke het nl. geglo aan ’n plat, ronde aarde, met Griekeland in die middel daarvan en die Berg Olympus, woonplek van die gode, weer as die sentrale punt van die land. Die ronde skyf van die aarde is van oos na wes deur die Middellandse See verdeel, terwyl die “Rivier-oseaan” rondom die aarde gevloei het en water aan die Middellandse See en al die riviere op aarde voorsien het. Die Griekse oppergod, Zeus (Romeins: Jupiter), is gebore uit Cronos(Saturnus) en Ops (Rhea), die kinders van Aarde en Hemel, wat weer uit Chaos gebore is.

Bogenoemde kort samevatting gee die klassieke wêreldbeeld en skeppingsverhaal in ’n neutedop. Bulfinch se werk oor die mitologie beslaan amper sewehonderd bladsye en handel veral oor gode en helde in die mitologieë van die betrokke lande en kulture. In hierdie geval word die betekenisonderskeiding geaktiveer wat na mites verwys as “godeverhale” (vgl. die *HAT*-definisie hierbo).

Wanneer daar 'n eeu na die dood van Bulfinch verwys word na die “mitoreligieuse substratum” in *Hilaria* van Etienne Leroux (Malan, 1978: 31) word daar eweneens gewag gemaak van die mitologiese “misteriekultusse” uit die antieke wêreld, nl. dié van Cybele-Attis en die misterieë van Eleusis. Malan verduidelik dat Cybele die aardgodin is en haar eggenoot/seun Attis 'n vegetasiegod. Daar word ook gewys op die feit dat die Attis-misterieë 'n belangrike invloed op die Christelike rituele en oorlewings gehad het. Attis is bv. op 24 Desember om middernag gebore, en sterf onder 'n denneboom. In Leroux se oeuvre word antieke mites met Christelike motiewe in verband gebring, bv. die “lam” in *Die mugu*, die “sondebok” in *Een vir Azazel*, en “dood-en-herlewing” in 18-44. (Malan, 1978:31-32).

Sonder om dieper in te gaan op die talle mitologiese verwysings in die drie trilogieë van Leroux (wat nie die onderwerp van hierdie ondersoek is nie), sou 'n mens kon aflei dat verwysings na klassieke mitologiese figure beslis funksioneel aangewend word in sy werk. Die mitologiese substratum, soos Malan dit hierbo stel, dien dikwels as onderbou vir die tekste.

Dit is ook nie uniek aan Leroux om mitologiese figure as spieëlbeelde vir sy karakters te gebruik nie, hoewel hy sekerlik die Afrikaanse skrywer tot hede is wat dit by uitstek doen. Die digteres Elisabeth Eybers het bv. ook dikwels verwysings na klassieke mitologiese figure, bv. in “Dido se afskeid”, “Vlug uit Troje” en “Daedalus en Icarus”. 'n Intensiewe studie sou ongetwyfeld baie meer voorbeelde kon uitwys.

2.3.2 Die “mitiese”

Daar sal in die loop van hierdie ondersoek gepoog word om die beskrywingsterm, die *mitiese*, (en nie die *mitologiese* nie) te gebruik en sodoende die betekenisonderskeiding te aktiveer van “dit wat in verband staan met al die oorgelewerde mites van 'n volk”.

Dit gaan immers in hierdie ondersoek oor die soeke van die mens na sogenaamde “lewende mites” om daardeur sin aan sy eie bestaan en ook aan dié van sy groep/volk te gee. Soos Leroux (in Kannemeyer 1980: 12) dit stel:

Aangespoor deur 'n lewende mite kan 'n hele volk tot fantastiese dade oorgaan; sonder 'n mite kan 'n volk alle belang in die lewe verloor en verdwyn. Dis kenmerkend van 'n mite, daardie emosionele aspek wat 'n enkeling of 'n hele volk kan laat verander... Die mens kan eerder sterf van honger, maar sonder sy mite kan hy nie klaarkom nie.

En wanneer Leroux in dieselfde konteks (Kannemeyer 1980:12) verwys na die fisiese en emosionele puin wat deur die Tweede Wêreldoorlog in Europa agtergelaat is, beweer hy verder:

Dit was nie 'n fisieke wêreld wat ten gronde gegaan het nie, dit was 'n mite...

Heelwat meer oor die mites wat in 'n volk leef later.

2.4 Die aard en oorsprong van die mite

Om die oorsprong van die mite te beskryf, gee Leroux in sy reeds aangehaalde lesing voor die Afrikaanse Studiekring in Stellenbosch, 1960, 'n samevatting van die leer van Carl Gustav Jung in verband met die sogenaamde onbewuste van die mens. Volgens Leroux het Jung hom besig gehou met “die skeppende bedrywighede wat in die mikrokosmos van die menslike psige plaasvind” (in Kannemeyer 1980:13).

Jung se opvattinge in verband met die menslike psige kom daarop neer dat daar in die psige drie lae voorkom, nl. die Bewuste, die Persoonlike Onbewuste en die groot, skeppende area van die Kollektiewe Onbewuste. Die laaste vlak verwys na “iets generies ... in die mensheid, d.w.s. materiaal wat kollektief deur alle

mense gehou word en wat te voorskyn kom as *vormgewing aan psigiese prosesse* wat oorgeërf word.” (Kannemeyer, 1980:14).

Die manifestasies van ’n groep se kollektiewe onbewuste word “oerbeelde” of argetipes genoem en hierdie argetipes maak deel uit van al die mites wat in die groep leef. Die argetipes wissel egter van kultuur tot kultuur en het dus nie vir almal dieselfde inhoud nie. Die rede hiervoor is dat dit nie die inhoud van die argetipes is wat oorgeërf word nie, maar die mens se vermoë tot simboolvorming. Die moontlike betekenis van ’n verskeidenheid simbole vir die mens (of vir verskillende groepe mense) word deur Jung omvattend beskryf in sy werk, *Man and his symbols*, 1964.

Wat die argetipes en hulle verband met die ontstaan van mites betref, redeneer Jung dat die feit dat die argetipes in elke tydperk van die mens se geskiedenis voorkom daarop dui dat daar ’n mite-skeppende struktuur in die menslike psige is wat in elke nuwe generasie steeds aktief is.

...just as personal complexes have their individual history, so do social complexes of an archetypal character. But while personal complexes never produce more than a personal bias, *archetypes create myths, religions, and philosophies that influence and characterize whole nations and epochs of history* (Jung 1964:79) (my kursivering).

Hoewel elke groep dus sy eie simbool-inhoud aan die gemelde argetipes toeken, is daar sekere basiese motiewe wat telkens herhaal en wat meebring dat daar ooreenkomste bestaan tussen die inhoude in verskeie godsdienste of mites dwarsdeur die wêreld en deur alle tye.

Voorbeelde van herhalende argetipes is dié van die aardgodinne van die Griekse en Romeinse godsdienste en die Vrou of Maagd in baie ander en die argetipe van die Held in die Keltiese, Skandinawiese, Griekse en ander mites.

Wat die argetipiese held betref, kom Campbell in sy studie oor die argetipiese held in die wêreld se mitologieë, *The Hero with a Thousand Faces*, tot die volgende slotsom in verband met die aard van die held:

The hero, therefore, is the man or woman who has been able to battle past his personal and local historical limitations to the generally valid, normally human forms. Such a one's visions, ideas and inspirations come pristine from the primary springs of human life and thought. Hence they are eloquent, not of the present, disintegrating society and psyche, but of the unquenched source through which society is reborn (Campbell 1972:19,20).

In Campbell se gesprek met Bill Moyers waaraan hierna breedvoeriger aandag gegee word, maak hy die universele aard van die held in die mitologie nog duideliker (Flowers 1988:136):

Essentially, it might (even) be said there is but one archetypal mythic hero whose life has been replicated in many lands by many, many people. A legendary hero is usually the founder of something – the founder of a new age, the founder of a new religion, the founder of a new city, the founder of a new way of life...

Wat die onstaanswyse en funksie van mites betref, maak Leroux (in Kannemeyer 1980:18-19) die volgende samevatting van Jung se standpunte wat hierdie onstaanswyse en funksies motiveer:

Alhoewel die simbool, en dus die mite, deur die gemeenskap daargestel word, is dit nie 'n produk van sosiale verkeer of van die menslike brein nie. Die simbool ontstaan spontaan deur 'n outonome proses van simboolvorming in die diepste lae van die Kollektiewe Onbewuste deur die argetipes. Die mite, bestaande uit simbole, is vir die individu dan 'n *lewende* mite en 'n bron van krag vir die enkeling en die gemeenskap. Verloor die simbool om een of ander rede daardie eienskap van lewend te wees, word dit 'n dooie simbool en die mite 'n dooie mite... Die mite het geen waarde as dit 'n verstandelike konkoksie is nie... Die mite verskyn ... nie as 'n produk van die rede nie, nie as 'n produk van die persoonlike Onbewuste nie, maar spontaan uit die Kollektiewe Onbewuste en by wyse van openbaring of intuïsie.

Myns insiens is die volgende uitspraak van Samuel en Thompson (1990:14,15) ook 'n raak uitspraak oor hoe mites hulle houvas op individue en groepe kry en hoe dié houvas as't ware in wisselwerking tree tussen die individu en die groep:

... the most powerful myths are those which influence what people think and do: which are *internalized, in their ways of thinking*, and which they pass *subconsciously* to their children and kin, their neighbours, workmates and colleagues as part of *the personal stories which are the currency of such relationships*. *What each of us selects and absorbs from publicly offered myth is crucially influenced through this continual mutual exchange of individual experience* (my kursivering).

Dit lyk dus asof persoonlike mites, gegrond op die eie – dikwels onbewuste – interpretasie van lewensomstandighede en die gepaardgaande vorming van 'n eie lewensbeskouing, 'n invloed het op en dikwels help vorm gee aan die mites van die groter gemeenskap waarbinne die individu leef. In hierdie opsig sou 'n mens beslis kon beweer dat “lewende” mites ongetwyfeld 'n belangrike funksie het in die lewe van individue en groter gemeenskappe of volke. Hierdie saak word vervolgens kortliks in oënskou geneem.

2.5 Die funksie van mites in die lewe van individue en gemeenskappe/ volke

That's what people are doing all over the place – dying for metaphors (Joseph Campbell in Flowers 1988:230).

Storytelling is... not an idle practice... Although some use stories as entertainment alone, tales are, in their oldest sense, a healing art... In dealing with stories, we are handling archetypal energy, which is a lot like electricity... Archetype changes us; if there is no change, there has been no real contact with the archetype. The handing down of a story is a very big responsibility... (Estes 1992:463).

Wanneer daar gekyk word na die funksie van mites in die lewe van die mens, gaan dit hier oor die sogenaamde “lewende mites”, wat 'n besonder kragtige werking in die lewe van individue en groepe openbaar. Soos wat verderaan behoort te blyk, manifesteer genoemde werking as 'n dryfkrag wat individue en

groepe mense kan rig, inspireer en soms ook manipuleer. Soos wat Leroux dit stel:

Die mite, bestaande uit simbole, is vir die individu dan 'n *lewende* mite en 'n bron van krag vir die enkeling en die gemeenskap (in Kannemeyer, 1980:18).

Dieselfde mening word gehuldig deur De Rougemont (1956:19) wanneer hy die bewering maak dat “the most profound characteristic of a myth is the power which it wins over us, usually without our knowing”.

Steenberg (1999:313) onderskei skeppings- en apokalipsmites, “mites wat bloot sekulêre antwoorde op sosiale of voortbestaanvrae gee” en mites waarin sekere (helde)figure bydra tot die “bevryding van 'n getiranniseerde of bedreigde volk/gemeenskap.” Voorbeelde van sodanige mitiese bevryders is volgens Steenberg (1999:314) Jeanne d’Arc, Wilhelm Tell, Saul Barnard in *Kringe in 'n Bos* (Matthee, 1984) en Andries Pretorius en Sarel Cilliers in F.A. Venter se *Gelofteland* (1969). In hierdie gevalle is daar volgens Steenberg sprake van 'n “kreatiewe krag by die ontstaan van die mites (wat) daartoe by(dra) om ook hierdie soort mite bo die geskiedenis te verhef tot 'n tydlose wêreld van vrae, vrese, verlange, drome en konflikte” (1999:314).

'n Belangrike gevolgtrekking van Steenberg is dat daar in sodanige mites 'n “tydlose waarheidskwaliteit” teenwoordig is wat by die “sensitiewe ontvanger” 'n ooreenstemmende reaksie uitlok en wat meebring dat “die mite universeel werk” (1999:314).

Hierdie universaliteit en waarheidskwaliteit van die mite hang myns insiens saam met een van die “oerpatrone” in die menslike psige, nl. die soeke na die Waarheid, die Lig, of, sou ons kon sê, na God. In die lig van hierdie diskoers en die uitgangspunte wat in die “woord vooraf” uiteengesit is, kan daar beweer word dat die belangrikste funksie van mites dié van **singewing aan die menslike bestaan** is.

Dié singewende funksie van die mite hang saam met die soeke van die mens na die Argetipiese Goeie en werk daarom opheffend en troosryk in op sy bestaan. Jung (1964:79) stel dit soos volg:

...myths of a religious nature can be interpreted as a sort of mental therapy for the suffering and anxieties of mankind in general – hunger, war, disease, old age, death.

En verder:

...we can perhaps understand how the ordinary man can be liberated from his personal impotence and misery and endowed (at least temporarily) with an almost superhuman quality. Often enough such a conviction will sustain him for a long time and give a certain style to his life. It may even set the tone of a whole society.

Uit bostaande kan afgelei word dat daar sowel positiewe as negatiewe mites bestaan. Samuel en Thompson (1990:15) praat van mites wat te doen het met idealisering enersyds en met demonisering andersyds:

Splitting the world into images of absolute good and evil is – as the psychoanalysts know well – a classic way of handling our own fears about ourselves.

In dié opsig sou 'n mens tot die slotsom kon kom dat mites in die lewe van individue in die eerste plek veral dien om die werklikheid van die stryd tussen goed en kwaad te onderskryf en te bevestig deur idealisering en demonisering van dié twee uiterstes. Tweedens dien mites vir individue, soos ook vir groepe, as 'n soeke na wortels, dit wil sê as 'n manier om die eie afkoms te verklaar en, in 'n mate, te regverdig. Samuel en Thompson (1990:10) glo "(a)ny life story, written or oral, more or less dramatically, is in one sense a *personal mythology*, a *self-justification*" (my kursivering).

In groepe of gemeenskappe het idealiseringsmites dan ook 'n besliste singewende funksie: dit dien om hulle wordingstryd as groep uit te beeld, sin te

gee aan hulle bestaan en die nuwe geslag tot nog groter hoogtes te inspireer. Verderaan in hierdie ondersoek behoort voorbeelde hiervan die saak nog duideliker te maak.

2.6 Die siening van Joseph Campbell oor die krag van mites

Die krag van mites, ook vir die moderne mens, word myns insiens baie duidelik onder woorde gebring in gesprekke tussen Joseph Campbell en Bill Moyers, soos vervat in Flowers 1988.

Campbell was bekend as een van die twintigste eeu se outoriteite oor die mitologie (wat hy vir amper veertig jaar gedoseer het by die Sarah Lawrence College) en waaroor hy gesaghebbend gepubliseer het. Bill Moyers was 'n bekende televisiejoernalis by onder andere CBS News.

Betty Sue Flowers het in haar geredigeerde weergawe van die genoemde gesprekke tussen Campbell en Bill Moyers (Flowers 1988) gebruik gemaak van transkripsies van die oorspronklike gesprekke, wat in 1985 en 1986 oor 'n bestek van ongeveer vier-en-twintig uur vir televisie verfilm is, maar later geredigeer en gesny is tot 'n ses-uur-reeks.

In die inleiding tot die genoemde werk van Flowers (1988:xiv en verder) vertel Moyers die staaltjie van iemand wat van een van Moyers se kollegas wou weet waarom hulle met Joseph Campbell saamwerk. Die vraagsteller het haarself as 'n moderne mens beskou en was van mening dat “all these Greek gods and stuff” irrelevant is vir die twintigste-eeuse menslike staat (“human condition”).

Moyers se opmerking in dié verband is:

What she did not know – what most of us do not know – is that the remnants of all that ‘stuff’ line the walls of our interior system of belief, like

shards of broken pottery in an archaeological site. But as we are organic beings, there is energy in all that 'stuff'. Rituals evoke it.

'n Voorbeeld wat Moyers gee is dié van 'n regter. Indien sy posisie in die samelewing net sosiologies belangrik was, en nie ook mitologiese ondertone veronderstel het nie, sou hy nie sy swart toga hoef te gedra het nie: "For the law to hold authority beyond mere coercion, the power of the judge must be *ritualized, mythologized*" (my kursivering).

Op Moyers se eerste vraag oor die noodsaak van mites (Flowers, 1988:3) antwoord Campbell dan soos volg:

One of our problems today is that we are not well acquainted with the literature of the spirit. We're interested in the news of the day and the problems of the hour. It used to be that the university campus was a kind of hermetically sealed-off area where the news of the day did not impinge upon your attention to the inner life... When you get to be older, and the concerns of the day have all been attended to, and you turn to the inner life – well, if you don't know where it is or what it is, you'll be sorry.

Hierdie uitspraak van Campbell hou weer eens direk verband met die sentrale uitgangspunt van hierdie diskoers, nl. dié van **singewing aan ons bestaan deur die mites waarmee ons leef**.

Die hele diskoers van *Joseph Campbell: The Power of Myth* is in werklikheid relevant vir hierdie studie. Daar word egter volstaan met enkele verdere aanhalings uit die werk, wat almal veral verband hou met die aard van mites en ook met wat hierbo genoem is die funksies van mites in die lewe van individue en groepe:

Myths are clues to the spiritual potentialities of the human life (p.5).

Read myths. They teach you to turn inward, and you begin to get the message of the symbols... Myth helps you to put your mind in touch with this experience of being alive (p.6).

What we have today is a demythologized world. And, as a result, the students I meet are very much interested in mythology, because myths bring them messages... They're stories about the wisdom of life...(p.9).

Mythology teaches you what lies behind literature and the arts, it teaches you about your own life. It's a great, exciting, life-nourishing subject... myths offer life models. But the models have to be appropriate to the time in which you are living... (pp. 11,13).

'n Laaste aanhaling, wat myns insiens veral belangrik is vir die doel van hierdie ondersoek, verdeel die mitologie in twee bene, nl. mitologie wat handel oor die mens se “natuurlike bestaan” en mitologie wat 'n sosiologiese grondslag het:

... myths are metaphorical of spiritual potentiality in the human being, and the same powers that animate our life animate the life of the world. But also there are myths and gods that have to do with specific societies or the patron deities of the societies. In other words, there are two totally different orders of mythology. There is the mythology that relates you to your nature and to the natural world, of which you're a part. And there is the mythology that is *strictly sociological, linking you to a particular society. You are not simply a natural man, you are a member of a particular group* (pp.22-23) (my kursivering).

Dit sou dus uit bostaande aanhaling moontlik wees om die afleiding te maak dat die “mitologiese” (vgl. 2.3.1 hierbo) veral verband hou met mites rondom die mens as natuurlike wese en met die lewensiklusse waarna Campbell ook verwys wanneer hy praat van “the stages of life, the initiation ceremonies as you move from childhood to adult responsibilities, from the unmarried state to the married state. All of those rituals are mythological rites”(Flowers, 1988:11).

Die “mitiese” (vgl. 2.3.2 hierbo) daarenteen, sou veral verband hou met die mens as sosiale wese en dan ook as deel van 'n groep wat 'n “lewende mite” vir hulself geskep het, met ander woorde met die tweede groep mites waarna Campbell hierbo verwys. Soos genoem, is dit veral hierdie “mitiese” as verskynsel wat in die loop van die ondersoek aandag sal geniet.

2.7 Mites en taal: die kognitiewe semantiek

Lakoff se siening rondom kategorisering bring insigte rondom die rol van mites op taalkundige terrein.

2.7.1 Die “kategorieë van die brein”

'n Interessante invalshoek waaruit die invloed van mites op taal bekyk sou kon word, is dié van die kognitiewe semantiek. Ondersoeke in hierdie verband is byeengebring deur George Lakoff in sy 1987-publikasie *Women, Fire and Dangerous Things: What categories reveal about the mind*.

In verband met die titel van sy werk maak die skrywer die volgende opmerking (1987:5):

Many readers, I suspect, will take the title of this book as suggesting that women, fire and dangerous things have something in common – say, that women are fiery and dangerous. Most feminists I've mentioned it to have loved the title for that reason, though some have hated it for the same reason.

Lakoff verduidelik die nuwe teorie rondom kategorisering (nuut in terme van die tagtigerjare waarin sy aangehaalde werk verskyn het) as die sogenaamde “prototipe-teorie” en maak die stelling dat kategorisering nie 'n saak is wat ligtelik opgeneem kan word nie (1987:5-8):

There is nothing more basic than categorization to our thought, perception, action and speech...Without the ability to categorize, we would not function at all, either in the physical world or in our social and intellectual lives. The approach to prototype theory that will be presenting here suggests that human categorization is essentially a matter of both human experience and imagination – of perception, motor activity, and culture on the one hand, and of metaphor, metonymy, and mental imagery on the other.

In 'n latere hoofstuk (1987:92-94) verlaat Lakoff hom op die navorsing van Dixon (1982). Uit genoemde navorsing blyk dit dat in die Australiese outoetone taal, Dyirbal, daar vier klasse naamwoorde bestaan het, voorafgegaan deur een van

die klassifiseringsvorme *bayi*, *balan*, *balam* of *bala*. Volgens hierdie sisteem word in die tweede groep (*balan*) onder andere vroue, honde, sekere slange, die meeste voëlsoorte, skerpioene, water, vuur en verwante sake asook sterre en spiese saam gegroepeer. Dit verklaar die titel *Women, Fire and Dangerous Things* (maar nie noodwendig dat vroue saam met honde, skerpioene en spiese ingedeel word nie!).

Volgens Lakoff het Dixon gevind dat daar soms afwykings binne die vasgelegde klassifikasiepatrone in Dyrbal is wat slegs verklaar kan word deur terug te gaan op sekere volksgelowe en mites. Lakoff noem hierdie ontdekking van Dixon die “myth-and-belief principle”:

Birds are believed to be the spirits of dead human females, and so are in class II... Three species of willy-wagtails (’n algemene voëlsoort in Australië – AMJ) are believed to be mythical men, and so are in class I with men. The spangled drongo is in myth the bringer of fire (from the clutches of the rainbow snake); thus, the spangled drongo is in class II with fire... In myth, crickets are ‘old ladies’ and so are in class II. According to myth, the moon and the sun are husband and wife; consequently the moon is in class I with other husbands, while the sun is in class II with other wives (Lakoff 1987:94).

Lakoff se gevolgtrekking omtrent die sogenaamde “myth-and-belief principle” is dat mites en gelowe ’n belangrike rol speel by kategorisering en dus deel uitmaak van die wyer menslike ervaringsveld. Of anders gestel: sekere ervaringsdomeine is belangrik met die oog op kategorisering en mites is een van dié ervaringsdomeine (in die geval van Dyrbal, maar waarskynlik in die meeste kulture/tale. (Hoewel nie self ’n kenner van die Afrikatale nie, sou ’n studie van die woordklasindeling bes moontlik ook soortelike resultate kon lewer – AMJ).

In ’n persoonlike mededeling het prof. Christo van Rensburg ook gewys op die invloed van die mite van die “vrou as lewe-gewer” soos afgelees kan word uit die Koi-Afrikaanse vorm van “put”, nl. “puts” (waar –s = (+vrl) omdat ’n put *geboorte gee aan water*).

Daar is sekerlik nog ander invalshoeke waaruit die invloed van mites op taal sinvol bekyk sou kon word, bv. deur na die etimologie van sekere woorde te kyk, maar vir die doel van hierdie studie word daar met bogenoemde siening van Lakoff volstaan.

2.8 Mites vs. geskiedskrywing

Die reeds aangehaalde insiggewende werk van Samuel & Thompson, *The myths we live by* (1990) is saamgestel na 'n geskiedenis-kongres oor "orale geskiedenis-oordrag". Die kongres, wat in September 1987 in Oxford plaasgevind het, se tema was "Myth and History"

Die redakteurs wys in die inleiding tot hulle publikasie daarop dat geskiedskrywers eintlik verkies (het) om met die "harde feite" te werk (maar dekonstrueer dan later in hulle werk deur verskeie anekdotes hierdie uitgangspunt van die geskiedskrywing as die "oordrag van feite." Die outeurs stel dit soos volg:

We (d.i. geskiedskrywers – AMJ) cleave to precise locations, dateable periods, delimitable fields of study. Our chronologies are marked in numbered years rather than the succession of generations of lost golden ages...We look for the reality content in our documents rather than what they may tell us about the symbolic categories through which reality is perceived. We build our arguments around empirically verifiable truths... most historians are apt to see myth, if they notice it at all, as an impediment to their true work (Samuel & Thompson, 1990:1, 3).

Die redakteurs argumenteer egter verder in die inleiding (p.2 en verder) dat die oënskynlike teenspraak tussen mite en "historiese waarheid" as't ware opgehef behoort te word (my beklemtoning). Verskeie argumente wat ter staving van dié standpunt gestel word, word hier kortliks saamgevat:

- Gemeenskappe wat slegs van orale literatuur afhanklik is omdat hulle nie oor 'n skryfkultuur beskik nie, word sodoende nie uitgeskakel uit die “optekening” van die geskiedenis nie;
- Sommige eietydse historici het begin insien dat alle geskiedskrywing in werklikheid niks anders is nie as a “narrative construction”;
- Daar is literêre kritici wat metafore sien as “clues to social consciousness”;
- Elke individu se lewensverhaal word sodoende belangrik as “a vital document of the construction of consciousness, emphasizing both the variety of experience in any social group, and also how each individual story draws on a common culture” (Hierdie siening staan dus teenoor die standpunt dat die optekening van geskiedenis spesifiek na die “politieke geskiedenis” verwys – AMJ);
- Daar kan 'n sterk saak uitgemaak word vir die universaliteit van mites as “a constituent of human experience.” Hierdie aspek word verder omskryf deur te verduidelik dat die identifikasie van mites as deel van orale geskiedskrywing nie “onware” geskiedenisoptekening veronderstel nie (“onwaar” in terme van die aanhaling van Samuel & Thompson hierbo nl. dat geskiedskrywers oor die algemeen hulle argumente opbou rondom “empiries verifieerbare “waarhede” – AMJ). Immers: “...a high proportion of the rich detail in a typical life story remains objectively valid: sometimes demonstrably so, from other sources...”(p. 6).

Wat die verband tussen geskiedskrywing en mites betref, wys Passerini verderaan in Samuel & Thompson (1990:49) daarop dat die twee terme in Grieks, *mythos* en *istoria* een gemeenskaplike betekenis gedeel het, nl. “diskoers” of “vertelling”. Hierdie gemeenskaplike betekenis reflekteer veral in die mondelinge vertellings wat die basis vorm van orale geskiedenisoordrag (en

wat uiteindelik juis vanweë optekening/ die “neerskryf” daarvan, wyer trefkrag kry - AMJ.)

Tonkin omskryf weer die belangrike rol van die mens se herinneringe as riglyne vir sy toekoms.

All understandings of the past affect the present. Literate or illiterate, we are our memories. We try to shape our futures in the light of past experience – or what we understand to have been past experience – and, representing how things were, we draw a social portrait, a model which is a reference list of what to follow and what to avoid (Tonkin, 1990: 25).

Bogenoemde aanhaling sou natuurlik ewe goed kon tuis hoort onder die vroeë opskrif wat handel oor die funksies van mites. Dit kom voor in die inleiding van die afdeling, *The making of myth*.

Interessant genoeg handel Tonkin se betoog rondom die “maak van mites” juis oor die sogenaamde “myth of realism” en maak sy ’n saak uit vir die feit dat geskiedskrywers glo in die “mite van realiteit”. Absolute waarheid, soos wat geskiedskrywers glo dat hulle dit beet het, is egter volgens Tonkin die eerste mite (hier in die sin van “veralgemening” of selfs “vervalsing” – AMJ). Dit kom dus daarop neer dat die “waarheid” in die teks van ’n geskiedskrywer eindelik ook weer aan dekonstruksie onderwerp kan word.

Min of meer dieselfde standpunt word by implikasie teruggevind in die slotopmerkings van Lize Kriel in haar proefskrif oor die verskillende weergawes van dieselfde historiese gebeurtenis (nl. die “Boer-Hananwa-oorlog van 1894):

Met die dekonstruksie van elke teks word wéér ’n teks gekonstrueer, wat met elke keer dat dit gelees word, blootgestel word aan ’n nûwe dekonstruksie (Kriel 2002:374).

Hieruit blyk myns insiens die feit dat ook die historiese navorser as ’t ware ’n teks skep wat dekonstrueer kan word, en dus die “waarheid” van die historiese teks aan kritiek blootstel. Kriel se standpunt word verder bevestig deur ’n

gesaghebbende bron wat sy aanbeveel het, nl. dié van Alun Munslow van Staffordshire University. Munslow se eie definisie oor geskiedskrywing word binne 'n postmodernistiese konteks geplaas en lui soos volg (1997:15):

As a self-reflexive historian, I define written history as a *socially constituted narrative representation that recognises the ultimate failure of that narrative form to represent either accurately or objectively* (my kursivering).

Wat betref die mitiese elemente in individue se lewensverhale verduidelik Peneff (1990:36) dat hierdie elemente die raamwerke vorm waarbinne individue hulle persoonlike geskiedenis verduidelik, orden en interpreteer. Een tipiese voorbeeld van 'n herhalende mite is dié van die dinamiese entrepreneur wat arm grootgeword het of die selfgemaakte man:

America has been carried away with the myth of the *self-made man*, who builds up his fortune and honour by his own efforts, an example for the whole nation...

Peneff gee voorbeelde van verdere mitiese elemente in persoonlike geskiedenis en kom tot die slotsom dat baie van hierdie lewensverhale nie as die absolute onvervalste waarheid aanvaar kan word nie (1990:41):

You have to adjust the screen of what is said and portrayed; you have to judge the degree of distortion... I have suggested some intellectual mechanisms 'reflecting' the image of the past; sublimation or blackening, exaggeration or cover-up...

Enkele voorbeelde van die ontstaan van 'n mite word vervolgens bespreek. Die eerste twee voorbeelde kom uit die werk onder bespreking, *The myths we live by*, terwyl die laaste 'n outobiografiese vertelling is.

2.9 Voorbeelde van die ontstaan van 'n mite: drie gevallestudies

2.9.1 Mites tydens 'n geveg, oproer of staking

Basso (1990: 61-64) beskryf 'n geval waar 'n kontemporêre mite tydens 'n skielike staking in 1977 by 'n middelbare skool in die suide van Italië ontstaan het. Die rede vir die skielike staking was dat die sentrale verhitingsstelsel van die skool vir 'n paar dae buite werking was, en die gerug die oggend versprei is dat dit nog steeds stukkend is. Die staking het maar een en 'n half uur lank geduur. Die besware is aan die hoof oorgedra en daarna is die leerlinge terug klas toe.

Die ondersoeker het 222 onderhoude met leerlinge gevoer na die betrokke staking, en het gevind dat leerlinge nie dieselfde persepsie gehad het van wat 'n staking presies impliseer nie. Nogtans was die “staking” volgens hulle suksesvol, want 'n gesamentlike slagspreuk is uitgeroep en sodoende is standpunt ingeneem— “through the single instrument of communication that the children had at their disposal – their voices.” Basso se gevolgtrekking is dat hierdie tipe mite van verbygaande en korte duur is en tog ook 'n invloed op die gebeure van elke dag het:

The school strike shows us how myth can provide us not only with clues to the deeper meaning of human existence, present and past, but *also with an imaginative leap to immediate everyday life, the daily history which shapes our own lives* (Basso, 1990:59) (my kursivering.)

2.9.2 Abraham Esau se oorlog, 1899-1901: mite en martelaarskap

Hierdie mite word uit verskeie voorbeeldstudies in *The myths we live by* gekies omdat dit op Suid-Afrikaanse bodem plaasgevind het: Die verteller is Bill Nasson, ten tye van die publikasie se verskyning 'n dosent in ekonomiese geskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad:

Abraham Esau was 'n Namakwalandse skrynwerker en smid. Sy storie is nagespeur deur met plaaslike mense te praat wat dit kon onthou en deur gewone geskrewe bronne na te gaan.

Die skrywer maak dit duidelik dat sy bedoeling met die vertelling nie is “to reconstruct a sequence of events [...] but to consider how qualities of martyrdom, myth and legend have come to cluster around this man who became a civilian victim of a distant South African war nearly ninety years ago”(Nasson, 1990:111).

Abraham Esau is in 1865 in Kenhardt in die Noordwes-Kaap gebore. Hy was die oudste van 'n hele paar kinders van Adam Esau en Martha April. Die gesin het aanvanklik los werkies gedoen op plasies, maar later permanent gaan werk en woon by 'n ryk veeboer, William Seton. Die Esaus het Seton kultureel nageboots, die Anglikaanse geloof aangeneem en Engels gepraat. Hiermee het hulle gedistansieerd geraak van die ander sogenaamde kleurlinge in die omgewing deurdat laasgenoemde eerder die Afrikaanse/Boerekultuur hulle eie gemaak het. Hy word dus in die plaaslike herinneringe onthou as 'n “Engelse kleurling”. As volwassene was Esau dus bewustelik 'n Brit, met 'n Britse sosiale en kulturele identiteit.

Esau het hom in die agtien tagtigs as smid in Calvinia gevestig. Hierdie vakmanne kon deel in die stemreg, wat op daardie stadium in die Kaapkolonie gekwalifiseer is deur sekere minimumopleidingsvereistes en grondbesit en wat dus 'n groot aantal swart en arm wit mense uitgesluit het. Hierdie “vry” nasie in die Kaapkolonie is in stand gehou deur Britse koloniale hegemonie, waarvan koningin Victoria volgens Nasson die simbool was (p.112).

Die uitbreek van die oorlog in Oktober 1999 het spanning in Calvinia meegebring, want Boere-guerillas het van die Vrystaat af in Namakwaland geïnfiltreer terwyl die inwoners van Calvinia hulleself as Brits gesien het en sterk anti-republikeins begin betoog het. Die sentrale figuur was Abraham Esau. Op

19 Mei 1900 tree hy in die openbaar na vore as hoof van 'n oorwinningsparade na die ontsetting van Mafeking. Vier maande later voer hy 'n groot groep manne aan wat wapens wil eis van die plaaslike magistraat, Peter Dreyer.

Laasgenoemde weier die wapens aan bruin burgers omdat dit volgens hom moeilikheid sal beteken. Hierna lei Esau sy “bende” tot gewapende weerstand, hoewel in sommige gevalle met beeshorings. Hierdie weerstand het volgens Nasson sy karakter gekry op grond van “a distinct element of personal leadership... The village blacksmith was becoming a warrior; men and women not only listened to him but were ready to stand with him against rifles, whips, and horses” (pp.113,114).

In Oktober 1900 stel Esau 'n formele petisie vir wapens op waarmee die dorp en die omliggende gebied verdedig kan word, maar weer eens word dit geweier met die bykomende opmerking dat die oorlog witmenssake is en niks met die kleurlinge te doen het nie. Esau word hierna naby Williston opgemerk op 'n Basoetoeponie en die afleidings wat mense maak is dat hy 'n onderhoud verkry het met luitenant James Preston, 'n Britse leëragent in Clanwilliam. Hy word so 'n spioen en dra nuus oor in verband met die bewegings van Boererebelle.

Esau word hierna dikwels op 'n swart perd gesien, terwyl hy 'n swaard in die hand hou en kleurlingsteun soek vir die imperiale saak. Sodoende werf hy baie van sy mense vir die Britse kant en verwys na hulle as sy “faithful children.”(p. 115).

Hierdie groep van Esau word beskryf as saamgesnoer deur 'n kollektiewe identiteit en verbind tot geheimhouding deur 'n eed. So vorm hulle “a solid core of spies, snoopers and informers.” Hulle aksies is om inligting byeen te bring wat beskryf word as “a mixture of incriminating hard information, petty gossip, and slander about the character, opinions, and actions of suspect Boer rebels...” (p.115). Die orale vertellings gee weer dat hierdie groep van Esau baie van die eienskappe van 'n plattelandse geheime beweging besit het.

Esau het hom natuurlik in die proses baie ongewild gemaak by plaaslike republikeinse ondersteuners, en versinsels is versprei, bv. van 'n ondergrondse arsenaal wat Esau gereed gemaak het vir 'n opstand teen die plaaslike bevolking in Januarie 1901. Hoorsê het dit ook gehad dat hy baie perde en krugerrande van die Britte ontvang...

And they built him up into a mythic individual. Several tales refer to his cunning ability to assume 'whiteness' for deception... Another powerful and emotive story said that he had shaved off his moustache, grown his hair, and bundled himself up in women's clothing to snoop around farmers' kitchens (p.116).

Op 7 Januarie 1901 word Calvinia egter deur 'n groep kommando's van die OVS ingeneem en krygswet word afgekondig, Charles Niewoudt word die landdros van Calvinia en regeer volgens oorlewering veral met die sambok. Esau bly tot aan die einde die segspersoon van sy groep "Britse kleurlinge" en wys volgens die vertelling van 'n ou vrou vir die Vrystaters die oor van 'n dooie Boer wat hy in sy sak gedra het, terwyl hy aandui dat hyself net so doof soos daardie oor is. Op 15 Januarie word hy deur veldkornet Van der Merwe tot vyf-en-twintig houe gevonniss en op 5 Februarie kom daar 'n bevel vir sy teregstelling, wat volvoer word deur ene Stephanus Strydom.

Nasson maak die stelling dat die verhaal van Esau in die dekade na die oorlog uitgebuit is deur Engelse politici in die Noordwes-Kaap om die bruin stem vir hulle verkiesingsveldtog in 1904 te werf. "A bitter and vituperative political contest was a good moment for the *creation of martyrdom, and for this brief moment Esau became visibly the Coloured martyr of a Cape liberal political culture*" (p.118) (my kursivering). Dit was egter nie net die politici wat van Esau 'n martelaar gemaak het nie. Volgens Nasson het ook die kleurlinge hom gebruik as 'n simbool van die onreg teen en vervolging van hulle gemeenskap.

In the years following the South African War, the martyrdom of Abraham Esau served a recognizable function. It met a psychological need....and offered an integrating element at this particular historical moment. Esau became the mythic symbol of a revived British patriotism in Calvinia village life. (p.118).

2.9.3 'n Stuk outobiografiese vertelling: die belangrike rol van die "mitemaker/-skepper"

Samuel & Thompson se volledige motivering (1990:2) vir die plek van "persoonlike narratiewe" in geskiedenisoordrag lui soos volg:

As soon as we recognize the value of the subjective in individual testimonies, we challenge the accepted categories of history. We reintroduce the emotionality, the fears and fantasies carried by the metaphors of memory, which historians have been so anxious to write out of their formal accounts. And at the same time the individuality of each life story ceases to be an impediment to generalization, and becomes instead a vital document of the construction of consciousness, emphasizing both the variety of experience in any social group, and also how each individual story draws on a common culture; a defiance of the rigid categorization of private and public, just as of memory and reality... (my kursivering).

Op grond van die bogenoemde motivering deur twee gesaghebbende outeurs binne die konteks van die historiografie en orale geskiedenisoordrag word daar vervolgens "gewaag" om 'n stuk outobiografiese vertelling binne die konteks van 'n akademiese diskoers in te sluit:-

My oupa aan vaderskant, bekend as "oom Jan" Neethling, is tydens die Eerste Vryheidsoorlog gewond en het daarna sy plaas in die destydse Oos-Transvaal verkoop en Pretoria toe getrek. Hy het later 'n klein oudstryderspensioen ontvang. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog/Anglo-Boereoorlog was hy onder huisarres in Pretoria. Sy vrou, Erdmuthe Wilhelmina Schmidt, was van Duitse afkoms. Hulle het voor die oorlog reeds drie seuns en twee dogters gehad. Albei hierdie dogters is oorlede, Sofie as sesjarige van masels, en Franki saam met haar baba in die 1919-griepepidemie. Sy was interessant genoeg getroud met die bekende J.E.W. Grosskopf.

My pa, Johann Christiaan, vernoem na sy Duitse moeder se broer(?) is op 21 Februarie 1900 in Pretoria gebore. Oupa Neethling het 'n klein "boerdery" in die hartjie van die huidige Brooklyn bedryf, met 'n perdestal, wat later in nog 'n woonhuis omskep is en steeds as sodanig bewoon word, 'n melkery en 'n groentetuin en vrugteboord. My pa moes soggens voor skool op 'n paar plekke gaan melk aflewer en het volgens sy eie getuienis nogal skaam gekry as van die skoolmeisies hom gesien het.

Chris (soos my pa se noemnaam was, aangesien sy ouer broer se eerste naam Johan was) was in Brooklyn Primary en in Pretoria Boys' High omdat daar geen Afrikaanse skole in Pretoria was tot nadat sy skoolopleiding voltooi was nie. Daarna het hy by die pas gestigte T.U.K. 'n B- en M-graad in die ekonomie gevolg, waarna hy met 'n beurs Amerika toe is om aan die Cornell-universiteit aan sy doktorsgraad in ekonomie te werk. 'n Aanbevelingsbrief van sy professor in Amerika aan 'n Engelse professor, by wie my pa na voltooiing van sy D-graad op pad terug na Suid-Afrika sou aandoen, verwys na hom as 'n knap student en "a prince of a fellow".

Die bostaande inligting is net relevant om te wys dat Chris Neethling nie absoluut eng-Afrikaans grootgeword het nie, maar beslis in sy vormingsjare ook blootstelling aan die Engelse kultuur en later aan 'n groter internasionale gemeenskap gehad het. Sy Afrikaneridentiteit moes egter tuis reeds goed vasgelê gewees het, want hy het onder andere vertel hoe hy as veertienjarige in 1914 saam met ander gehelp het om Jopie Fourie se briewe wat uit die gevangenis geskryf is, per hand oor te skryf sodat dit landswyd versprei kon word.

Na sy terugkeer uit Amerika het Chris werk in die Landboudepartement aanvaar en verlief geraak op Anna Pohl, met wie hy toe in die vroeë dertigerjare getroud is. Daarna het sy bekend geword as Anna Neethling-Pohl en het sy vir baie jare

haar merk in Suid-Afrika as toneelspeelster en kultuurstryder gemaak. Chris en Anna het een dogter gehad, Evelyn Erda, vernoem na haar twee oumas, maar bekend as Linda.

In die woelige jare voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Chris geleidelik al hoe meer oortuig geraak van die unieke aard van die Afrikaner. Vir die Engelse as groep het sy mense uiteraard geen besondere voorliefde gehad nie. 'n Vriend het op sy begrafnis in 1982 vertel hoedat hulle in die Koffiehuis in Kaapstad ontmoet het. Op sy vraag dié dag aan Chris of hy nie sy lot by die Ossewabrandwag (en by implikasie ook die Stormjaers) wil inwerp nie, sou laasgenoemde geantwoord het dat hy besig is om die saak te oorweeg.

Die “oorweeg” het uitgeloop op 'n aktiewe en openlike lidmaatskap van die Ossewabrandwag. Daar is 'n foto in my besit van my pa met sy OB-uniform en die inskrywing agterop: Chris Neethling, Hoofkommandant Ossebrandwag Noord-Transvaal. Die lidmaatskap van die Stormjaers, 'n meer militante anti-oorloggesinde groep, sou natuurlik minder openlik gewees het. Dit het nietemin gelei tot sy internering in die Koffiefontein-kamp vir die duur van die oorlog.

Briewe wat Chris uit die interneringskamp vir Linda geskryf het oor die gewoontes van verskillende voëlsoorte wat hy en sy mede-geïnterneerdes dopgehou en deels mak gemaak het, het uitgeloop op 'n boekie wat later gepubliseer is met die titel *Vreemde vriendjies*. Op die buiteblad is naas die afbeelding van 'n voëltjie, die huisies van die kamp en die doringdraad duidelik sigbaar.

Na Chris uit die interneringskamp vrygelaat is, kon hy sy werk as ekonoom in die Departement Landbou hervat, hoewel met verbeuring van krediet vir die diensjare voor die oorlog. 'n Verdere terugslag was dat Anna hom op daardie stadium vir 'n egskeiding gevra het. Hoewel baie ongretig, het hy daartoe ingestem.

Linda was toe 'n hoërskoolleerling aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria en as gevolg van haar ma se betrokkenheid by toneelreise was sy ook in die koshuis. 'n Geskiedenisonderwyseres aan dieselfde skool, mej. Annie van Niekerk, is deur gemeenskaplike vriende aan Chris voorgestel en aan die einde van 1946 is hulle getroud. Chris was veertien jaar ouer as Annie (of "Niek") maar hulle was tog bevoorreg om ses-en-dertig jaar getroud te kon wees, tot met sy dood op twee-en-tagtigjarige ouderdom in 1982.

In 1948 het Chris en Niek Neethling die oudste onder die groep Duitse oorlogweeskinders wat deur bemiddeling van die sogenaamde Dietse Kinderfonds na Suid-Afrika toe gebring is, aangeneem. Tussen Chris en sy aangename seun, Lothar Paul, het 'n besondere band van wedersydse toegeneentheid bestaan. In 1950 het Niek, hoewel toe reeds ses-en-dertig jaar oud, ook geboorte geskenk aan hulle eie dogter, Annette.

Met my geboorte was my pa dus reeds vyftig jaar oud. Albei stelle grootouers was toe lank reeds oorlede en my pa het blykbaar teenoor my ma en vriende genoem dat hy beplan om maar die rol van 'n oupa naas die pa-rol in sy dogter se lewe te vertolk. Een van sy selfopgelegde "take" in dié verband was om vir my saans 'n paar "slaapliedjies" te sing. Dié ritueel het waarskynlik voortgeduur tot die "dogtertjie" skool toe is. Hy het volgens my 'n mooi stem gehad, hoewel die neiging om die verlede rooskleurig in te kleur, my moontlik so laat dink.

Gewone wiegeliëdjies soos "Slaap my kindjie, slaap sag", en selfs 'n Engelse liedjie, "Golden slumbers kiss your eyes" is ook gesing, maar gewoonlik is die aand afgesluit met twee besondere liedere, wat in retrospek nie konvensionele slaapliedjies is nie. Al gou het die ongeveer vyfjarige dogtertjie 'n spesiale klank in haar pa se stem ervaar by die sing van dié liedere. Enkele frases en strofes uit die twee liedere het veral opgeval (miskien te meer omdat woorde – maar veral die stories agter die woorde - toe reeds fassinerend was):

Slaap rustig, dapper helde, verby is al jul leed...

en

*Land van die vaders, land van vrome Trekkers,
jy is ons dure pand, ons geliefde vaderland,
dierbaar Suid-Afrika!*

Hierdie “mities gelaaide” woorde bring tot vandag toe ’n emosionele gevoelsoopwelling wat moeilik redelik te verklaar is. Soos in die aanhaling van Conradie (1964:10) aan die begin van hierdie hoofstuk sou ’n mens hier ook kon beweer dat daar ’n “ontwykende kern in elke mite (is) wat ons hoegenaamd nie met redelike begrippe kan bereik nie”.

Kortweg: ’n mens sou waarskynlik met sekerheid kon beweer dat ’n proses van miteskepping in daardie kinderkamer begin is wat juis vanweë die amper terloopse aard daarvan ’n baie sterk indruk gemaak het. Die “helde uit die verlede” het rigtingwysers vir die eie strewes geword en die ideaal om “getrou te bly aan dit waarvoor hulle goed en bloed geoffer het”, het ’n lewende mite geword wat ’n belangrike **singewende funksie** in die eie lewe begin vervul het.

Die oud-OB-generaal en die oud-geskiedenisjuffrou (wat dikwels nog afgelos het by een van die naaste hoërskole) het natuurlik ook hulle kind by die Voortrekkerbeweging laat aansluit, waar Gerrit Viljoen toe kommandant van die plaaslike kommando was en die mitologiseringsproses momentum gekry het.

Op hoërskool (in die vroeë sestigerjare) het my ouers my ’n keer saamgeneem na die jaarlikse dinee van die sogenaamde “Rampokkers” (die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes) waarby adv. John Vorster die betrokke aand die spreker was. Die grootste oomblik was toe die mans saam om ’n klavier gaan staan het en die trane vrylik oor die meeste van hulle – en ook my pa – se wange gerol het terwyl hulle uit volle bors saam met die begeleiding gesing het: “Hoor die wekroep in ons land, los van Engeland!”

Dit sluit die vertelling af, behalwe om te vermeld dat op grond van iets wat Chris op 'n stadium teenoor sy vrou Niekie genoem het, sy grafskrif in die helde-akker van die Ossebrandwag in Verwoerdburg – nou Centurion – lui: “Hy was 'n goeie Boer.”

Die gevolgtrekking uit hierdie persoonlike geskiedenis is die onbetwisbare bewys wat dit kan bied van die groot invloed van die persoon wat 'n mens sou kon noem die mitemaker of miteskepper.

Die afleiding is dat die statur, geloofwaardigheid en volgehoue integriteit van die mitemaker 'n baie sterk invloed kan uitoefen op die vestiging en die herhaalde bevestiging van die mite. Indien die mitemaker se lewensbeskouing te eng voorkom, sal die geloofwaardigheid van die mite myns insiens in die slag bly wanneer die ontvanger ook kontak maak met ander lewensbeskouings. Andersyds sal daar ook ontgogeling of disillusie kan intree indien die mitemaker “ontmasker” word as vals of selfgerig (sien onder meer die bespreking van die “Boetman”-debat in hoofstuk 7).

In my pa se geval was hy nooit eng, “kleinburgerlik” of “boers” in die negatiewe sin van dié woorde nie. Hy kon lang stukke Engelse poësie uit sy matriekjaar onthou, het vir my boeke gegee om te lees soos *Freckles* en *A girl of the Limberlost* van 'n Amerikaanse skryfster en het op sy oudag gereeld sy Zane Gray-boeke herlees. In sy optrede was hy, ten spyte van 'n vinnige humeur en die gewone menslike tekortkominge, 'n voorbeeld van 'n “ware heer” en 'n mens van integriteit. Sy deurleefde Afrikanerskap en sy onwankelbare lojaliteit teenoor sy volk en mense – hoe hy hulle dan ook vir homself gedefinieer het – het egter so 'n sterk indruk gemaak dat dit die eienskap is wat bo alle ander uitgestaan het. Dit is myns insiens die rede waarom hy die mite van die Afrikanervolk as 'n besondere groep mense, van wie die meeste eintlik helde was, so deeglik by my gevestig het.

Die gevolgtrekking is verder dat, soos Samuel & Thompson dit in die aanhaling aan die begin van hierdie vertelling (1990:2) stel, “the individuality of each life story [...] becomes a vital document of the construction of consciousness.”

Dieselfde twee outeurs beweer ook in verband met lewensverhale binne die genre van orale geskiedenisoordrag:

They (life stories – AMJ) should be seen, not as blurred experience, as disorderly masses of fragments, but as shaped accounts in which some incidents were dramatized, others contextualized, yet others passed over in silence, through a process of narrative shaping in which both conscious and unconscious, myth and reality, played significant parts (p.5).

Min of meer dieselfde sienswyse oor die totstandkoming van die “mitiese” verhaal as rekonstruksie deur die verteller binne die Suid-Afrikaanse konteks word verwoord deur Antjie Krog in *Country of my skull*, wanneer sy beweer (1998:85):

... there are actually two stories: the story and the under-story, the matrix, the propelling force *determining what is left out, what is used, how it is used* *Telling is [...] never neutral, and the selection and ordering try to determine the interpretation...* (my kursivering).

Die slotsom is dat “geskiedskrywing” ook ’n rekonstruksie van die werklikheid is en dat die ideologie van die “verteller” en die mites waarmee hy leef noodwendig die seleksie en ordening van die stof beïnvloed en rig. Ook in hierdie geval sal **mites dus ’n deurslaggewende rol in singewing** speel.

2.10 Samevatting

Die betoog tot hier het gelei tot ’n paar baie belangrike afleidings in verband met mites wat vir die res van hierdie studie van groot belang is. Enkele van die hoofmomente rondom die bespreking word kortliks saamgevat:

- Mites speel 'n fundamentele rol in die lewe van die mens vanaf die vroegste tye tot datum;
- een van die belangrikste eienskappe van die mite is dat dit gestalte gee aan die mens se soeke na waarheid of anders gestel na die sin, samehang en uiteinde van die kosmos;
- die krag van 'n sogenaamde "lewende" mite vir die moderne mens is 'n onomstootlike werklikheid;
- die meeste ideologieë het 'n mitiese onderbou.
- Wat die term *mite* betref, is die eerste afleiding dat die *HAT*-definisie, nl. "godeverhaal" en "fabel of storie sonder grond" te beperkend is. In die oorspronklike Grieks het mythos en logos albei "woord" beteken, maar later is die onderskeid getref van mite as materiaal uit die primitiewe godsdienste en logos as die term vir die moderne wetenskappe en tegnologie.
- Wat betref die polisemiese betekenisonderseidings van "mite", "die mitologie", "mitologies" en "mities" is die slotsom dat, vir die doel van hierdie ondersoek, die beskrywingsterm "mitiese" konsekwent gebruik sal word in betekenisonderseidings wat dui op "lewende mites" soos wat Etienne Leroux daarna verwys het. Hierdie lewende mites ontstaan volgens Carl Gustav Jung in die kollektiewe onbewuste van groepe deur middel van simbole wat weer aanleiding gee tot argetipes bv. dié van die universele held. Die ontstaan van die argetipes is 'n bewys daarvan dat daar 'n mite-skeppende struktuur in die menslike psige voorkom wat in elke generasie aktief is.
- Die "ontmoeting" met die argetipes verander die mens; daarom is die oorvertel van 'n storie 'n verantwoordelikheid. Mites verteenwoordig 'n "tydlose waarheidskwaliteit" (Steenberg 1999:314) in die lewe van mense en werk dus universeel. Godsdienstmities bring verligting vir die angste van die mensdom: oorlog, siekte, ouderdom en die dood.

- Daar is wel positiewe en negatiewe mites, wat daartoe bydra om die wêreld te verdeel in goed en kwaad deur idealisering of demonisering van dié twee uiterstes.
- Mites verklaar ook vir individue en groepe hulle afkoms en dien soms as regverdiging vir die optrede van die voorouers. Dit word bevestig deur Samuel & Thompson (1990:10) wanneer hulle beweer dat elke lewensverhaal beskou kan word as “a personal mythology, a self-justification.”
- Joseph Campbell, as een van die twintigste eeu se outoriteite oor mites, se gesprekke rondom die onderwerp soos vervat in *Joseph Campbell: The Power of Myth* (Flowers:1988) bied ook baie interessante insigte oor die aard en funksies van mites. Om maar een aanhaling te gee (Flowers 1988:9): “...myths bring ... messages... They’re stories about the wisdom of life...”
- Wat die neerslag van mites op taalkundige terrein betref, word die invalshoek van die kognitiewe semantiek, soos beskryf deur George Lakoff, veral as uitgangspunt gebruik. Die afleiding hier is dat mites een van die ervaringsdomeine is wat belangrik is met die oog op kategorisering in die taal.
- Die verband tussen mites en die geskiedskrywing is ook bekyk, soos deeglik verwoord deur onder andere die samestellers van *The myths we live by*, Samuel & Thompson, 1990. Die afleiding is dat die streng skeidslyne tussen openbare en private geskiedenis en tussen mite en werklikheid opgehef word. Drie gevallestudies rondom die ontstaan van mites in die lewe van ’n groep of individu word aan die orde gestel. Die gevolgtrekking is dat ook ’n individuele lewensverhaal kan dien as “a vital document of the construction of consciousness, emphasizing both the variety of experience in any social group, and also how each individual story draws on a common culture...” (Samuel & Thompson, 1999:2).

Verderaan in die proefskrif sal die bostaande samevatting in verband met die oorsprong, aard en funksies van mites dan as uitgangpunt gebruik word in die ondersoek na die vernaamste mites wat sedert die ontstaan van Afrikaans rondom dié taal en sy sprekers ontstaan het, en waarvan die impak tot in die huidige tydsbestel duidelike waarneembaar is.

Wat betref die term *mite* en die gepaardgaande proses van *miteskepping* sal die betekenisonderskeiding en funksie van die mite wat veral geaktiveer word, dié wees van **die mite as storie/narratief met 'n “tydlose waarheidskwaliteit” en wat daarop gerig is om die singewende fasette van die menslike bestaan te verwoord**. Van al die aanhalings rondom “mite” waarna al verwys is, word daar dus waarskynlik die sterkste gesteun op dié van Malan (1978:39) wat beweer dat die mite “sedert die vroegste tye die mens se manier (is) om *deur middel van 'n eenvoudige vertelling die sin, samehang en doel van die kosmos te verklaar*.”

Daar moet egter reeds op hierdie stadium daarop gewys word dat dit nie in alle gevalle moontlik sal wees om die spesifieke mite onder bespreking as singewende narratief uit te wys nie. Hiermee word bedoel dat sogenaamde “negatiewe” mites rondom Afrikaans, en veral dan die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal, nie *per se* sin gegee het aan die bestaan van die groepe waarbinne die mite ontstaan het nie. In dié geval word die mite wel bespreek as een van die pertinente mites rondom Afrikaans, maar daar word terselfdertyd na ander voorbeelde van miteskepping binne die betrokke groepe verwys.

Vervolgens word daar enersyds daarop gewys dat hierdie eie mites wel as singewende en lewende waarhede binne hierdie groepe gefunksioneer het en andersyds aangetoon hoe hierdie eie miteskepping die persepsie van die negatiewe rol van Afrikaans dikwels versterk het. Wat betref die mite(s) rondom Afrikaans is die fokus in so 'n geval die impak wat die mite gehad het of steeds het op die voortgesette rol en status van Afrikaans in die land na 1994.